EDEN TWEEKAMP•BIATHLON
NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com
www.edenbiathlon.co.za
"Eden Sport Federation of the Year 2019"

# VOORSITTERSVERSLAG

## 2021/2022

## EDEN TWEEKAMP: VOORSITTERSVERSLAG

Dit is vir my aangenaam om my voorsittersverslag te kan voorlê, ons derde virtuele AJV vergadering. 2021/2022 seisoen en jaar was weerens `n unieke jaar met opwinding en steeds bietjie onsekerheid, nie net vir Eden Tweekamp nie, maar ook die res van die land en ander sportkodes. Na sportkodes kon terugkeer kompetiisies was die nuwe normaal steeds `n aanpassing vir almal, reg oor die land was sportkodes en atlete steeds skirikkerig en op die herstelpad na die pandemie. Maar weereens het my bestuur ingespring en ons het die nuwe seisoen aangepak met ope arms, deursettingsvermoë en baie opwinding.

Eden Tweekamp was weer die verkose Provinsie om die SA Tweekamp Kampioenskappe 2022 aan te bied maar met alle onsekerheid en ander implikasies met SA Tweekamp het Eden Tweekamp die besluit geneem om nie eerder nie die taak aan te pak nie.

Weereens was Dave vd Walt my steunpilaar en `n besonderse operasionele bestuurder vir Eden Tweekamp . Hy is beslis `n staatmaker. Terseldertyd ook wil ek vir Leana Robinson uitsonder wat altyd bereid was om laat nagte en vroeg oggende te sit met uitslae – baie dankie!

Sport in Suid-Afrika in die algemeen, stel groot uitdagings tans, veral die finansiële inpak na Covid en steeds logistieke en fasiliteite wat nie na omgesien word en was nie is steeds `n uitdaging. Ernstige aandag sal aan transformasie, ons senior atlete se getalle en mense met gestremdhede en vroue in sport gegee moet word, nuwe inovasies om byeenkomste glad kan laat verloop sal gevind moet word. Die beskikbaarheid van vrywillige administrateurs en beamptes raak alhoe kleiner! Ons as Eden Tweekamp het `n klein handjie vol mense wat altyd bereid is om te help en dus sal ons werk moet maak daarvan om meer ouers en skole verteenwoordigers betrokke te maak tydens die liga-byeenkomste om as beamptes op te tree.

Op 8 September 2021 op `n Spesiale jaarvergardering wat deur SA Tweekamp gelei is, is besluit dat Tweekamp in samewerking met SAMPA nuwe afstande vir alle ouderdoms groepe sal instel in lyn met die Modern Pentathlon sodat ons atlete in die toekoms aan internasionale byeenkomste kan deelneem. Eden Tweekamp bestuur het nie hierdie besluit alleenlik geneem nie en `n survey is aan ons atlete gestuur waar 77% vir die nuwe afstande gestem. Die 2021/2022 seisoen was die eerste seisoen met die nuwe afstande alhoewel daar `hickups`was rakend ouderdomsgroepe het die nuwe afstande goeie terugvoering ontvang en ons byeenkomste het vinniger en vroeer klaar gemaak daar is deur die loop van die seisoen terugvoering gegee en verandering rakend tye ens is aangepas.

## ONTWIKKELING

### ***KNYSNA TWEEKAMP ONTWIKKELING***

26 October 2021 het Eden Tweekamp die DCAS Ontwikkelingskliniek by die puik Aquatic Centre van Knysna Primêr bygewoon. Johan Windt het die hardloop program aangebied en Carla Coetzee het die swem afrigting behartig. Jana se plaaslike reëlings was uitstekend. Marion Pienaar en Kyungu & Kaya Fundi `n tweeling het aansporingspryse ontvang. Eden Tweekamp wil net baie dankie sê aan Knysna Primêr vir die beskikbaarstelling van hulle puik geriewe!






### ***DCAS ONTWIKKELINGSKLINIEK***

As deel van die bevordering visie het Eden Tweekamp met die hulp van DCAS & Knysna Laerskool `n winters liga projek aangebied by puik Aquatic Centre van Knysna Primêr in Knysna op Dinsdag 24 Mei 2022.Die puik fasiliteit is die enigste verwarmende swembad in die Eden Distrik 45 atlete en ouers het deel geneem aan hierdie nuwe opwindende projek.






WIMPY

OUDTSHOORN Munisipaliteit • Umasipala • Municipality 150 VISION 2030 A TOWN TO WORK, LEARN, PLAY AND PROSPER

Western Cape Government FOR YOU

TWEEKAMP SA BIATHLON

NPO 275-527 108 Jan van Riebeeck Rd, OUDTSTHOORN, 6625 082-7734901 davesusvdw@gmail.com
www.edenbiathlon.co.za
*"Eden Sport Federation of the Year 2019"*

## KAPASITEITSWERKSWINKEL



Die eerste Kapasiteits werkswinkel wat ons kon aanbied vanaf 2019 het plaas gevind op 17 November 2022 by die Eden Distict Academy se kantore, meer as 30 mense het hierdie werkswinkel bygewoon meerderheid vroue en persone met `n gestremdheid. Dit was `n praktiese werkswinkel om hierdie persone te bevorder om deel te word van ons beampte span by ons ligas en byeenkomste. Al die persone het `n sertifikaat ontvang vir bywoning.

**"DOUBLES"-BYEENKOMS [1 February 2022]**

**WIPMY EDEN DOUBELS-BIATHLON**



Die eerste WIMPY DUBBELS-byeenkoms sonder streng Covid maatreels is op 1 Februarie aangebied by De Jager Sport Kompleks en N.A Smith swembad in Oudtshoorn. Die kompetisie is besonders in die opsig dat twee atlete 'n span vorm en dan doen elke atleet net een van die bene – of hardloop of swem. Elke atleet se punte behaal word dan saamgevoeg om die wenners te bepaal!

25 Spanne het, deelgeneem aan Wimpy Eden "Doubles" op Oudtshoorn. Dit was niks snaaks om oumas en kleinkinders, pa`s en dogters of ma`s en hulle seuns te sien saam in spanne deelneem nie! Die podium spanne:

1. Tyron Lee Andries & Tiaan Griebenhow 2235
2. William van Tonder & Emma van der Westhuizen 2140
3. Callie Wannenburg & Carine Wannenburg 2138
4. Christi Walter's & Lombard Walter's 2130. Hulle wen almal 'n Wimpy geskenkbewys en kontantprys!

## LIGA BYEENKOMSTE & HIGHAGTE EDEN KAMPIOENSKAPPE

Nuwe afstande, aangepaste ouderdomsgroepe en die kies van Eden spanne vir die HIGHGATE interprovinsiaal op 5 Febr 2022 op Oudtshoorn. 133 atlete het ingeskryf vir die proewe byeenkoms. Daar is `n Meriete & Ontwikkelingspan gekies bestaande uit 95 atlete. Heelwat atlete wat nie beskikbaar was nie agv ander sportaktiwiteite.

## SA TWEEKAMP MUSEUM VIR HIGHGATE

Na jare van beplanning is die SA Tweekamp Museum op 4 Febr, op Highgate Volstruisplaas geopen. Hierdie visie van Gerhard Louwrens en Dave van der Walt met die ondersteuning van Johan Keller van Highgate, het uiteindelik

gerealiseer toe Blackie Swart, President van SA Tweekamp, dit geopen het. Heelwat van die ou geeste en bouers van tweekamp was teenwoordig. Hierdie sport museum is beslis 'n voorbeeld van 'n sportkode wat sterk groei en gestand doen aan hulle motto van "gesinsport"




## *DCAS / GROTER OUDTSHOORN / HIGHGATE INTERPROVINCIAL*

Die organiseerders van die 30ste DCAS / GROTER OUDTSHOORN / HIGHGATE Inter het al heelwat komplimente met die aanbieding van hierdie prestige geleentheid gekry. 435 atlete van 7 provinsies het deelgeneem in feestelik-omskepte venues. EDEN spog nie met minder as 14 medaljewenners nie. Boonop is Benjamin Bond as Junior Victor Ludorem aangewys en Outeniqua HS het die goue medalje in die Hoërskole en George-Suid LS silwer in die Laerskole kompetisie verower! Die medaljewenners was:

- 0/8 S Brons - Rudolf Smith
- 0/9 D Goud - Annabel van der Merwe
- 0/9 S Goud- Benjamin Bond
- 0/11 S Brons - Caleb Coates
- 0/13 D Silwer - Arabelle Grutter

- 0/13 S Brons - Johannes Brink
- 0/19 D Silwer - Petro Marais
- Jnr Mans Silwer - Hendrik Visser
- Meesters 40+ D Silwer - Esrie Bezuidenhout
- Meesters 60+ M Goud - Johan Windt
- Meesters 70+ D Goud - Marilyn Orrie
- Meesters 70+ M Silwer - Mike McDonald





## ***MOSSELBAAI LIGA***

Beslis `n byeenkoms in sy eie klas en geskiedenis. Veel interessanter kon mens seker nie 'n tweekamp byeenkoms voorstel nie – 'n 303m grasbaan aangepas met die hulp van Windt & Haasbroek 115 atlete het deelgeneem

## ***GEORGE LIGA 1 15 Februarie 2022 AFGESTEL***

Eden Tweekamp het in samewerking met die plaaslike organiseerders dit afgestel a.g.v. die weersomstandighede asook die swembad. Eden Tweekamp bied graag sy verskoning aan.

## ***OUDTSHOORN LIGA 22 February 2022***

Die laaste liga-byeenkoms het Dinsdag 22 February 2022 op Oudtshoorn plaasgevind In troebelende waters Swem omstandighede by die NA Smit swembad het nou so 'n laagtepunt bereik. Die hele seisoen kon Eden Tweekamp nie 'n bevredigende watergehalte kry nie maar die byeenkoms wat met die teleurstelling van die swembad steeds `n reuse sukses.

## ***EDEN KAMPIOENSKAPPE***

Wat 'n Eden Tweekamp Kampioenskappe Ek en Leana het 144 inskrywings ontvang en was dit nie vir jou een besonderse byeenkoms op 1 Maart nie atlete het nie nie net hitte op Oudtshoorn ervaar nie – maar donderweer, hael, reën, en toe mooi weer!

Die baandeel moes vir 20 min gestaak word om die hael en reën kans te gee om te bedaar en die junior atlete het gedink dit is `n swembad en omtrent baljaar in die stakings tydperk. Die atlete het in plasse water gehardloop

hardloop! Na die medaljeparade is die Highgate Eden Tweekampspan van 90 atlete gekies vir die SA Kampioenskappe in PE op 1 & 2 April 2022. Die spanbestuur is Stephnie McKay, Dave van der Walt, Yvonne McKay en Jana Botha.





***EDEN BIATHLON SCHOOL CHAMPS 2022***

HS Outeniqua en LS George-Suid was Eden se skole kampioene vir 2022! Hulle het Eden in die skole kompetisie by die SA Kampioenskappe in Gqeberha verteenwoordig Saam met hulle neem ook HLS Oakdale, LS Outeniqua, Glenwood PS deel aan die SA Skole kompetisie. Outeniqua is as die Hoërskole kampioene gekroon by die SA Kampioenskappe.



## SA KAMPIOENSKAPPE

'n Baie suksesvolle SA2022 vir Eden.Die Highgate Edenspan kan heel tevrede wees! Ons spog met

- 4de plek in die Span Kompetisie in South Arfica
- Junior Victor Ludorem ( Benjamin Bond)
- Beste tweekamp skool in Suid Afrika (Kwaggas)
- 2 SA kampioene en medalje wenners (Annabelle Grutter & Benjamin Bond)
- 2 Silwer medaljes ( Esrie Bezuidenhout en Johan Windt)
- De Wit Botma (brons medalje)
- Yvonne McKay se SA toekenning.

Baie dankie aan die spanbestuur vir julle ongelooflike harde werk - julle bly tops!

Ook 'n groot dankie aan al Eden se atlete, ouers en ondersteuners - beter kan mens nie vra nie 🥂





## EDEN ATLETE EN BESTUURSLEDE PRESTEER



### GROOT EERBEWYS VIR YVONNE

- SA Honoris Causa-kleure is aan Yvonne McKay toegeken by die SA Kampioenskappe vir haar jarelange diens aan SA Tweekamp. Sy is beslis `n merkwaardige Eden Tweekamp lid.

## OPERASIONELE BESTUURDER

Mnr. Dave v.d Walt, Eden Tweekamp se operasionele bestuurder is sedert 2017 in hierdie betrekking. Hy doen meer as wat verwag word en gaan vir elke projek die ekstra myl. Hy is bereidwillig om te help waar hy kan en raad gee. `n Paar van sy pligte hierdie jaar was as volg.

- Reëling van byeenkomste;
- Reëling van Ontwikkelingsprojekte en kapasiteits-werkswinkels;
- Verkryging van borge teen kommissie [wat hy nie wou neem nie!];
- Aansoeke by regeringsliggame vir befondsing;

- Beheer oor die bates soos apparaat, waentjie, ens;
- Bywoon van vergaderings waar benodig

Eden Tweekamp is besonders gelukkig om `n persoon soos hy deel te hê van die span.

## FINANSIES

Die finansies van EDEN Tweekamp is gesond soos aangedui deur die geouditeerde state wat deur Lamprecht & Meyer gedoen is. Alhoewel die kansellasie van die SA2021 weer `n groot terugslag was glo en vertrou ons dat Eden Tweekamp en so ook die Groter Oudtshoorn net sterker word en nog meer groei in die jare wat kom. Groot dank aan die Bestuur wat ten spyte van die hoë finansiële druk net die beste vir die EDEN-atlete doen en die kostes so laag moontlik hou. Dank moet ook gaan aan die Wes-Kaapse Departement van Kultuursake & Sport, die HIGHGATE, Groter Oudtshoorn Munisipaliteit, WIMPY asook al die sekondêre borge en donateurs, wat deur hulle finansiële ondersteuning dit moontlik maak. 'n Groot dank ook aan ons nuwe ouditeure.

## *UITDAGINGS*

- Nuwe program en struktuur
- Te min Beamptes
- Senior Atlete
- Fasiliteite

## *NUWE WERKSGELEENTHEID*

Soos meeste van julle alreeds weet het ek na 9 jaar die Eden Academy verlaat en `n nuwe pad begin stap in my loopbaan by SWD Krieket. My werksure is anders en my beskikbaarheid vir sekere aktiwiteite mag beinvloed word. Ek sal my bes in my vermoë doen om Tweekamp te bevorder en steeds my pligte na te kom.

## *BEDANKINGS*

Graag wil ek van hierdie geleentheid gerbuik maak om net die volgende persone en instansies te bedank:

- Alle ouers, onderwysers, afrigters, borge en belangstellendes wat dit vir EDEN moontlik maak om te vorder;
- Aan die Eden Bestuur vir die flinke wyse waarop hulle tweekamp in die Eden bedryf en die tyd wat hulle opoffer asook die ondersteuning wat hulle my as voorsitter gebied het;
- Aan al Eden se borge, donateurs en vriende;
- Die Departement van Kultuursake en Sport van die Weskaap, en in die besonder die plaaslike EDEN-kantoor [Jean Neethling & Dirk van der Westhuizen] vir hulle onbaatsugtige ondersteuning en fisiese bystand;

- Aan ons plaaslike media vir hulle volgehoue ondersteuning;
- Aan alle skole en klubs wat hulle beywer vir die ontwikkeling van ons sportsoort;
- Aan al ons atlete wat so getrou die ligabyeenkomste bywoon;
- Aan die munisipaliteit van Oudtshoorn en ander instansies vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite en geriewe;
- Aan Yvonne, Dave, Jacques en Leana wat altyd net `n oproep weg is en op wie se knoppie ek kan druk teen alle tye
- Aan ons dierbare Vader wat ons die krag en genade gee om hierdie taak te verrig.

Ek dank u.

Stephnie McKay
Voorsitter